



Sussex

bl. ?? - ??

Rasegtheid 'n pluspunt in kruisteling

Die suiwerheid van die ras verseker dat sy uitstaande eienskappe maklik oorgedra word in enige kruisteelprogram en die basiskudde verbeter deur die vaslegging van eienskappe soos: **Temperament:** Vroeë Sussex-beeste is onder meer ook gebruik as trek- en werkdier om bote op die kanale en ploëe op lande in Engeland te trek. Hierdie noue kontak met die mens het gelei tot baie makke beeste met groot respek vir die mens.

Vrugbaarheid: Die Sussex is bekend vir konstante hoë kalfpersentasies en Sussex-koeie en -kruiskoeie kalf gereeld. Hierdie ingebore hoë vrugbaarheid gee aanleiding daartoe dat, onder goeie bestuursomstandighede, 'n kalfpersentasie van bo 90% die norm is. Sussex-bulle is alombekend vir hul hoë libido en hoë vlakke van aktiwiteit in die koeitrop, selfs onder die strafste omstandighede.

Gemak van kalwing: Sussex-kalwers is klein tot medium grootte (30 tot 40 kg) by geboorte, wat kalfprobleme verminder en die ras geskik maak om op verse te gebruik. A.g.v. heterose met Bos Indicus-rasse word telers egter steeds aangemoedig om gebruik te maak van pre-

stasietoetsdata om bulle te identifiseer met die geskikste teelwaardes vir geboortegewig.

Goeie moeders: Dit is een van die bekendste en gesogste kenmerke van Sussex-koeie. 'n Oorvloed melk van hoë gehalte beteken dat die natuurlike groeipotensiaal van die ras ten volle benut kan word. Sussex-bulle dra hierdie eienskap oor aan hul nageslag, wat beteken dat hulle gebruik kan word om die vlak van melkproduksie in 'n kommersiële kudde te verhoog. Sussex-koeie sien baie goed om na hul kalwers en is geweldig beskermend teenoor hulle as dit kom by roofdiere (honde ingesluit), maar hulle ingesteldheid teenoor die mens beteken dat jy 'n pasgebore kalfie daar in die veld kan streef en hanteer terwyl die ma in volle vertroue sommer langs jou sal staan en toekyk.

Gehardheid en aanpasbaarheid: As getuigskrif van hierdie eienskappe floreer die Sussex onder ekstreme toestande wat wissel van die droë Namibiese toestande tot die tropiese hitte en humiditeit van Mosambiek en die ysig koue van die Drakensberge. Hoewel die Sussex as 'n Bos Taurus-ras geklassifiseer word, het DNS-ontleding bewys dat dit 'n bloedfaktor het

soortgelyk aan dié van Bos Indicus-rasse, wat help met aanpasbaarheid in warm, droë toestande. Sussex-beeste het ook 'n hoë aantal sweetkliere (900+ per cm²), wat hulle help om te midde van 'n donkerrooi haarkleed steeds hul hitte effektief te reguleer. Die goed gepigmenteerde donkerrooi vel is hoogs oorerflik en voorkom sonbrand en kanker in die nageslag. **Beweeglikheid:** Sterk bene en goeie kloue stel Sussex-beeste in staat om lang afstande oor ruwe terrein te loop. 'n Berig lui dat Sussex-koeie wat vroeër jare in Zambië gesteel is 55 km in 24 uur afgelê het om weer by hul tuistes uit te kom.

Ekonomies: Sussex-beeste is doeltreffende omsetters van ruvoer en nie selektiewe vreters nie. In Sussex-kringe bestaan die gesegde: "'n Sussex eet eers en proe later!" Sussex-kruisingsbeeste rond maklik van die veld af, wat geld spaar op voerkoste.

Vleiskwaliteit en bouvorm: Die Sussex is alombekend vir sy uitmuntende vleiskwaliteit – sappig met goeie binnespiers marmering en 'n dun egalige vetbedekking. In Suid-Afrika is reeds supermarkgroepe wat 'n premie betaal vir Sussex-vleis, wêreldwyd bekend as *the butcher's beast*. Deur van 'n Sussex-bul gebruik te maak, vergroot die kommersiële teler sy kans om 'n vyf-bouvorm karkas te lewer.

Erfdwang en kruisteling: Meer as duisend jaar se natuurlike seleksie en 'n stamboom wat dateer uit 1855 beteken sterk erfdwang van bogenoemde eienskappe. Die Sussex sal inpas by bykans enige kruisteelprogram en Sussex-kruisingsverse kan altyd as vervangingsverse gehou word. Die Sussex kruis veral goed met die Brahman, Bonsmara, Boran, Beefmaster, Nguni en Afrikaner.

Vir SUKSES, gebruik 'n SUSSEX!





Namibia SUSSEX Breeders Society

Tel: +(264) 81-272 3540

Fax: +(264) 62-56 4048

Email: angie1@iway.na

TELERS

Stoetnaam	Sel:	E-pos:	Kontak Persoon:
St. Blaize Sussex Stoet	+264-81-272 3540	stblaize@iway.na	Cobus van der Merwe
Bergveld Sussex Stoet	+264-81-246 6811	bergveld3@gmail.com	Danie Botha
Dancel Sussex Zucht	+264-81-127 1612	bader@iway.na	Werner Bader
Randfeld Sussex Stoet	+264-81-249 8710	dennler@iway.na	Bernd Dennler
H&J Sussex Stoet	+264-81-124 9902	jwv@mweb.com.na	Hannes Visagie
Neu-Blumen Sussex Stoet	+264-81-302 6695	neu.loore@gmail.com	David van Vuuren
Triple-S Sussex Stoet	+267-72-31 1207	warmwatersantas@gmail.com	Steven Forster

AUCTIONS:

8 SEPTEMBER 2017 – Stampriet

Dancel Sussex Zucht: 2 Bulle van Werner Bader

Bergveld Sussex Stoet: 2 Bulle van Danie Botha

13 OKT 2017 – 22nd St. Blaize Sale

15 Sussex bulle van St Blaize Stud (Cobus van der Merwe)

13 OKT 2017 – Paresis Veiling

2 Sussex Bulle & 10 Sussex Verse van Dancel Sussex Zucht

Die ideale Britse vleisras vir Namibië



Gebruik Sussex Bulle vir:

- **Vleis van Gras**
Effektiewe Omsetters, rond maklik af van die veld af.
- **Medium raam**
Vroeg ryp en sit baie vinnig en maklik vleis aan.
- **Temperament**
Baie rustig en mak. Geteel om mense te *please*.
- **Vrugbaarheid**
Bulle met baie sterk libido en koeie wat elke jaar kalf.
- **Gemak van kalwing**
Gemiddelde geboortegewig 36 kg.

BASTERKRAAG

Kruis veral uitstekend met Bonsmara, Afrikaner, Nguni, Brahman, Santa en Beefmaster.



Sussex X Brahman



Sussex X Bonsmara



Kruisdiere



Kruistollies & Verse

Die ideale Britse vleisras vir Namibië

Sussex is een van die oudste en suiwerste Britse beesrasse. Meer as tien eeue van natuurlike seleksie op swak weiding in die suide van Engeland gee aanleiding daartoe dat dié ras onder 'n wye verskeidenheid van produksie-omstandighede in Suider-Afrika gedy. Die eerste Sussex-beeste is in 1903 na Suid-Afrika ingevoer deur Alex Hom van die Potchefstroom Landboukollege nadat hy opdrag gekry het om 'n Europese beesras te selekteer wat kan aanpas by die harde Suider-Afrikaanse klimaat en ekstensiewe boerdery-omstandighede. Meer as 'n eeu later sien jy vandag Sussex-beeste oral in die streek – in Namibië, Botswana, Mosambiek, Zambië en Zimbabwe. Danksy doelgerigte en wetenskaplike teling van Sussex-stoettelers in hierdie lande is die moderne Suider-Afrikaanse Sussex vandag goed aangepas en staan hy sy plek in die vleisbeesbedryf vol.



Wat boere sê oor die Sussex



Thorsten Lüsse

"Ek het twintig jaar lank 'n suiwer kommersiële Bonsmara-kudde gehad, maar Sussex-bulle agt jaar gelede ingebring vir 'n bietjie meer breedte. Meer Bonsmarabloed is nou weer nodig. My langtermyn-doelwit is om te wissel tussen sterker Bonsmara- en dan weer sterker Sussex-bloed om eenvormigheid te behou." – Voorslag kommersiële boere, Thorsten Lüsse.



Bossie Coetzer

Bossie Coetzer gebruik verskillende kombinasies vir kruisteling. Een kombinasie wat hom verras het, was toe hy 'n Tuli-bul op 'n Sussex-kruiskoei gesit het. "Sy het 'n tweeling gekry – sulke fris tollies."

Basterkrag sien jy nie op Jan Visagie se plaas nie. Hy boer met suiwer rasse (Dorper, Sussex en Braunvieh),



Jan Visagie

maar ook suiwer kommersieel. "Kruisteling is nie vir my nie. Ek hou nie van 'n baster-affêre nie."

die Sussex se kenmerkende eienskappe soos lae geboortegewig, hoë speengewig, vroegrypheid en goeie temperament word aan die nageslag oorgedra." – Danie Botha van die Bergveld Sussex Stoet.



Hendrik Botha

"Ek boer al 33 jaar met die kruisteelkombinasie van Simmentaler en Brahman. Ek sukkel nie met ander rasse nie. Tog sit ek 'n Sussex-bul op die Simmentaler-tipe verse omdat hulle bekend is vir klein kalfies ... ek is nie meer lus om kalwers te trek nie." Hendrik Botha, 'n paar keer Meatco-produsent van die maand.



Hannes Visagie

"Die donker pigment van die Sussex beperk tot die minimum klougroei in die Kalahari se sandwêreld en kruising met kommersiële Bonsmara-tipe vroulike diere sorg vir goeie basterkrag in ekstensiewe toestande." – Hannes Visagie, Jong Boer van die Jaar 2011, uit die Aranos-omgewing.

"Ons sukkel nie meer met moeilike geboortes en kalwers trek nie. My veeartsenykoste het aansienlik gedaal en die groei-syfers van my kudde hardloop weg van die rasgemiddeld. Wil ons dit breek? Nee, nie in hierdie stadium nie." So sê 'n Sussex-teler en kliënt van die bedrywige en kundige veearts van Heilbron, dr. Piet van Zyl.

"Ek hou van die Sussexe. Hulle is mak besies." – Namibiese sportlegende Adri Basson.



Boeta Horn

"Ek het 'n leemte in die plaaslike slagmark gesien en gevul omdat slagters vet, groot osse soek," sê Boeta Horn, ekstensiewe suiwelproducent wat gereeld onder die drie top-producente is. Hy gebruik sy Brahman- en Sussex-bulle op sy Braunvieh-kruiskoeie om uitstaande osse te produseer.

Holly Kronsbein van Summerdown se drie groot Brahman- en Sussex-osse het in 2014 gesorg vir 'n rekord-gemiddelde gewig van 988 kg. Die grootste os was 1 050 kg lewende gewig.

"Kalwers van Sussex-bulle is van hoogstaande gehalte en ek gaan amper al die verskalwers terughou as vervangingsverse in die boerdery. Die plaaslike voerkraalagente is bereid om 'n premie vir hierdie diere te betaal. Dit, saam met die hoër speengewig van die Sussex-kruiskalwers, beteken meer geld my sak." – Willie Grobler, plaasbestuurder van Wickus Booysen, wat in die Gobabis-omgewing boer.

**Bergveld
Sussex Stoet**

**Geharde Bulle
Van die Veld vir die Veld**

Stampriet Bulveiling - 8 September 2017

Danie Botha: 081 246 6811 • bergveld3@gmail.com



Since 1971

FARM ST. BLAIZE

Manso Brahman & Sussex



Since 1983



07-0051 BEL
Napoleon

13 October 2017

Friday - 11:00 on the
Farm St. Blaize, Gobabis

22nd Bull Sale

15 Brahman Bulls

15 Sussex Bulls

Your satisfaction guaranteed:

- QUALITY BREEDING
- PERFORMANCE TESTING
- SELLERS' INTEGRITY
- UNIQUE CATALOGUE

**Everything you
ever wanted
in a Brahman
or Sussex bull**



Setting the Standard for Brahman & Sussex breeding in Namibia

Cobus van der Merwe 081 272 3540
stblaize@iway.na / www.stblaize.com

Auctioneer: Alex McDonald +264 (0)81 128 6821

Karoo-Ochse Gobabis
(062) 56 2429 / 081 284 6370



NAMIBIA



Dancel Sussex Zucht ondersteun droogtegeteisterde boer naby Mariental



Aangesien Farm Wiese van Werner en Renate Bader goeie reën oor die hele plaas die afgelope seisoen ontvang het, het hulle besluit om 'n medeboer en Sussex-ondersteuner, Puffi Gärtner, te help met grasvoorsiening. In die 2016-17 seisoen het die Gärtners net 90 mm reën gekry. Op die foto is Laze Namupuka, Puffi Gärtner en Werner Bader by een

van die vragte gras. Die Baders se totale skenking was 45 groot grasbale. Puffi en Gundula Gärtner boer op hul nuwe plaas Bärenklau by Mariental op die Kalkplato waar hulle trots is op die bul Eckhard WRSZ13-16 wat hulle uit die Dancel Sussex Zucht gekoop het. "Die bul pas goed aan by ons en ons is in ons skik met ons keuse," sê die Gärtners.

1
Bestel telefonies
by 061-217 520

2
... en as u verby-
kom laai ons
net u voertuig.

3
Tel: (+264 61) 217 520
Faks: (+264 61) 217 536
orders@weckevoigts.com.na
Tommie Muller Straat,
Noordelike Nywerheidsgebied
Posbus 62, Windhoek, Namibia

W WECKE & VOIGTS WHOLESALE

Vriend van die boer – 120 jaar lank

Meer tyd om tussen jou diere te wees!
Danksy ons gerieflike telefoniese bestellingdienste

Besoek ons webtuiste by: www.wholesale.com.na

Dancel

Sussex Zucht

Werner & Renate Bader
Farm Wiese
P O Box 80627
Olympia - Windhoek
NAMIBIA

Tel: +264 61 - 254 064 / 252 504
Fax: +264 61 - 254 065
Mobile:
+264 81 - 127 1612 / 294 2882
bader@iway.na



Sussex Farming in Namibia

Farm Wiese is situated in central Namibia only 150km South East of Windhoek on route to Uhlenhorst. The farm has an extensive variety of different pastures, vegetation and terrain. From red dunes, open plains and vast grasslands to rugged mountain terrain. Cold temperatures as low as -10°C in winter and as high as $+40^{\circ}\text{C}$ in summer are not uncommon. Due to the low average yearly rainfall of 250mm the Sussex breed is the ideal livestock for economic breeding.



We have been farming since 1992 with commercially cross bred cattle and only used Sussex bulls on the herds. Due to the great success and improvement realized in cross breeding with Sussex bulls, the Dancel Sussex Zucht (Stud) was established in 2007. The Stud was build up from only 15 Stud heifers bought to a stud of 346 Sussex cows and bulls. Semen was collected under quarantine from Renaissance (AJS 110007) and is internationally available on request. We are producing our own Dancel Sussex Camelt(horn) polled line with the first calves born in 2016. Bulls and heifers are available directly from the farm or on the Paresis auction.



In 2016 we were awarded the Presidents Trophy for best progress made, advertising done and bookkeeping of any, and all, Sussex studs in Southern Africa.



Breeding success with Sussex!